GERT MARITZ

Posbus/P.O. Box 13686
Cascades
3202

PRIMÊRE SKOOL
PRIMARY SCHOOL

Tel.: 033 345 1501/ 033 3451520
Faks / Fax: 033 345 9291
Epos / Email: psgm@telkomsa.net

15 November 2014

Geagte Ouers

SKOOLFONDS 2015

ONDERNEMING: BETALING VAN SKOOLFONDS 2015

Gedurende die Algemene Jaarvergadering van die Beheerliggaam en die ouers van die skool, gehou op 13 November 2014, is die skoolfonds vir 2015 aanvaar as R15000.00 per leerder per jaar.

ONDERNEMING: BETALING VAN SKOOLFONDS 2015. Dokument is meegaande aangeheg.

U word versoek om die dokument volledig te voltooi en terug te besorg aan die skool so gou moontlik en nie later as 31 Januarie 2015 nie. Indien die dokument nie volledig en geteken terugbesorg word aan die skool teen die sperdatum nie, neem ons aan dat die volle skoolfonds vir die jaar teen 28 Februarie 2015 betaal sal wees.

BETALING VAN SKOOLFONDS

1. U word versoek om die skoolfonds direk in die skool se bankrekening in te betaal. Ons probeer die hantering van groot bedrae kontant by die skoolkantoor vermy.

2. Die skoolfonds kan by enige tak van NEDBANK betaal word OF 'n internet oordrag kan gedoen word.

3. U word van die skool se bankbesonderhede voorsien op die rekening. Heg asseblief die korrekte verwysingsnommer aan u betaling en stuur bewys van u betaling aan die skool. Die korrekte verwysingsnommer wat vereis word is u rekeningnommer wat op die rekening verskyn. Die rekeningnommer is gekoppel aan die leerder se van.

4. Betaling van skoolfooie, indien eenmalig, maandeliks of kwartaaliks sal op die volgende datums betaalbaar wees:

- Eenmalige paaiement vanR15000.00 (betaalbaar voor of op 28 Februarie 2015
- Kwaartaalikse paaiement van 4 x R3 750.00 (Paaiemente op of voor 31 Januarie; 13 April; 20 Julie and 12 Oktober 2015)
- Tien maandelikse paaiement van R1 500.00 vanaf 31 Januarie – 31 Oktober 2015.

RESOLUSIE VIR AANVAARDING TYDENS BEGROTINGSVERGADERING

Ingevolge Artikel 38 en 39 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, wet 84 van 1996, word die volgende resolusies voorgelê vir goedkeuring:

1. BEGROTING – 2015

Die begroting soos voorgehou, en wat die geskatte kumulatieve effek van die gevestigde gedeeltelike of voorwaardelike kwytskelding van die betaling van skoolgelde by Primêre Skool Gert Maritz, reflekteer, word hiermee goedgekeur en aanvaar.

2. SKOOLFOOIE – 2015

2.1 Dat skoolfooie by Primêre Skool Gert Maritz, vasgestel en gehef mag word.

2.2 Dat skoolfooie by Primêre Skool Gert Maritz, vir 2015 R15 000,00 per leerder, per jaar sal beloop.

2.3 Dat skoolfooie by Primêre Skool Gert Maritz, jaarliks vooruit betaalbaar sal wees, en wel voor of op 28 Februarie 2015.

2.4 Dat die Beheerliggaam van Primêre Skool Gert Maritz, betaling in paaiemente sal aanvaar, met dienverstande dat 'n ooreenkoms om skoolfonds te betaal met die Beheerliggaam van Primêre Skool Gert Maritz, gesluit moet word voor of op 28 Februarie 2015.

2.5 Dat indien ouers nie die ooreenkoms om skoolgelde te betaal voor of op 28 Februarie 2015 terugbesorg aan Primêre Skool Gert Maritz, nie, dat die betaling van die volle uitstaande skoolgelde vir 2015 voor of op 28 Februarie 2015 gemaak moet word.

3. AANSOEKE OM KORTING

3.1 Dat die volgende prosedure sal geld met betrekking tot alle aansoek om korting van skoolgelde:

3.2 Alle aansoeke om korting moet by die Skoolfooisekretaresse van Primêre Skool Gert Maritz, ingehandig word op die voorgeskrewe vorm voor of op **28 Februarie 2015**, of binne sestig (60) dae na verandering van omstandighede.

3.3 Die Beheerliggaam van Primêre Skool Gert Maritz, behou die reg voor om onderhoude te voer om inligting te kontroleer.

3.4 Ouers het 'n reg van appèl tot die Hoof van die Departement met betrekking tot enige beslissing van die Beheerliggaam van Primêre Skool Gert Maritz, aangaande korting of kwytskelding van die betaling van skoolgelde.

3.5 Die Beheerliggaam van Primêre Skool Gert Maritz, sal die gesamentlike bruto inkomste van beide ouers soos vervat in die Regulasies vir die Kwytskelding van Ouers van die Betaling van Skoolgelde, Staatskoerant R1052, van 18 Oktober 2006, gebruik om te bepaal of ouers vir korting of kwytskeling kwalifiseer.

3.6 Die Beheerliggaam van Primêre Skool Gert Maritz, mag die hantering van alle aansoeke om korting delegeer na die Skoolfooisekretaresse.

3.7 Indien geen aansoek om korting of kwytskelding van skoolgelde op die voorgeskrewe vorm voor **28 Februarie 2015** ontvang word nie, of binne sestig dae na 'n verandering van omstandighede nie, sal ouers *ipso facto* onder belet wees om dan aansoek te doen vir korting om kwytskelding van skoolgelde.

3.8 Die voorgeskrewe aansoekvorm vir korting is beskikbaar by die Skoolfooisekretaresse. U moet skriftelik aansoek doen.

4. BETALINGS IN TERME VAN ARTIKEL 38A

Dat die Beheerliggaam gemagtig word om aansoek te doen in terme van Artikel 38A van die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 vir die goedkeuring van addisionele vergoeding aan personeellede wat deur die Staat aangestel is en by die skool werk.

5. FOTOSTAATPAPIER

Een riem fotostaatpapier per kwartaal, per leerder is verpligtend. (A4 Rotatrim).

6. VERSEKERING (Alexander Forbes)

Dit is verpligtend vir enige leerder wat aan sport/uitstappies deelneem om of 'n mediese fonds of skoolversekering te beskik. Versekering is beskikbaar by Price Alexander Forbes teen R140.00 per leerder per jaar. Ons stel voor indien u nie van 'n mediese fonds beskik nie, om dan bogenoemde verskering uit te neem vir die leerder.

Die uwe

Mev. C.A.J. van Tonder
Skoolhoof

Mnr. A.G. Opperman
Voorsitter van die Beheerliggaam

GERT MARITZ

PRIMÊRE SKOOL
PRIMARY SCHOOL

Posbus/P.O. Box 13686
Cascades
3202

Tel.: 033 345 1501/ 033 3451520
Faks / Fax: 033 345 9291
Epos / Email: psgm@telkomsa.net

AANSOEK OM TOELATING

Leerder: _____

Admin Nommer	Rekening Nommer	Register Klas

OOREENKOMS OM SKOOLGELDE TE BETAAL 2015

Aangegaan tussen die Beheerliggaam van Primêre Skool Gert Maritz en:

1. _____ _____
   VOLLE NAAM EN VAN (VADER/STIEF/VOOG) IDENTITEITSNOMMER

2. _____ _____
   VOLLE NAAM EN VAN (MOEDER/STIEF/VOOG) IDENTITEITSNOMMER

3. KONTAK BESONDERHEDE VAN VADER/STIEF/VOOG

Fisiese Adres:	Posadres:	Telefoon:
		Werk
		Huis
		Selfoon

4. KONTAK BESONDERHEDE VAN MOEDER/STIEF/VOOG

Fisiese Adres:	Posadres:	Telefoon:
		Werk
		Huis
		Selfoon

5. WERKGEWER SE ADRES EN TELEFOONNOMMER

VADER/STIEF/VOOG	MOEDER/STIEF/VOOG
Telefoonnommer:	Telefoonnommer:

6. NAAM, ADRES en TELEFOONNOMMER VAN 'N FAMILIELID WIE NIE WOONAGTIG IS BY U NIE:

	Telefoonnommer:

7. **NAAM en VAN** van LEERDER IN 2015:

	Graad

In gevolge van Artikel 40 van die Suid Afrikaanse Skole Wet, Wet nr. 48 van 1966, is ouers verplig om skoolgeld te betaal.

1. VOORREDE

1.1 Skoolfooie word in konsultasie met die ouers van hierdie skool vasgestel.

1.2 Skoolfooie is jaarliks vooruit betaalbaar met die aanvang van die nuwe skool jaar. Die Beheerliggaam is bereid om betaling van skoolfooie te aanvaar in ooreenstemming met hierdie ooreenkoms.

1.3 Geen vergunning sal neerkom op 'n afstanddoening of novasie van einge regte wat die Beheerliggaammag hê nie.

2. ONDERNEMING

2.1 Ek/Ons, die ondergetekendes erken hiermee aanspreeklikheid vir die jaarlikse skoolgeld, en Ek/Ons onderneem om die jaarlikse skoolgeld ten bedrae R15000.00 per leerder per jaar te betaal.

2.2 Ek/Ons onderneem verder:

2.2.1 Om die skoolgelde stiptelik in ooreenstemming met hierdie ooreenkoms te betaal;

2.2.2 Om die skool minstens 30 dae kennis te gee indien die leerder die skool sou verlaat, en indien ek sou versuim om kennis te gee, onderneem Ek/Ons hiermee om die pro-rata skoolfooie vir 'n periode van 30 dae te betaal nadat die leerder die skool verlaat het;

2.3 Ek/Ons onderneem om die skoolgeld as volg te betaal:

2.3.1 Δ Enkele betaling van R15000.00;

2.3.2 Δ Kwartaallikse betalings van 4 x R3750.00 (Paaiement 31 Januarie; 13 April; 20 Julie en 12 Oktober 2015)

2.3.3 Δ Tien maandelikse paaiemente van R1500.00 per maand met effek van 31 Jan – 31 Oktober 2015;

2.3.4 Δ Spesiale reëlings (meld datum asseblief) _____

2.3.5 Δ Korting (U moet skriftelike Aansoek doen om Korting)voor 28 Februarie 2015

3. WANBETALING

3.1 Indien u versuim om betalings te maak in ooreenstemming met hierdie ooreenkoms, word die balans op u rekening vir die jaar se skoolfooie onmiddellik opeisbaar en betaalbaar.

3.2 Indien u versuim om betalings te maak in ooreenstemming met hierdie ooreenkoms, mag die Beheerliggaam:

3.2.1 Regsaksie teen u instel vir die invordering van enige agterstallige skoolgeld, in welke geval u aanspreeklik sal wees vir koste op die skaal soos tussen Prokureur & Kliënt, insluitende invorderingskommissie;

3.2.2 Wanbetaling aan 'n kredietburo rapporteer

3.3 'n Sertifikaat onderteken deur die Skoolhoof of die Tesourier sal *prima facie* Bewys wees van enige bedrag uitstaande in gevolg van hierdie ooreenkoms.

3.4 Indien hierdie ooreenkoms, volledig voltooi en onderteken, nie aan die skool oorhandig die jaar te betaal op of voor 28 Februarie 2015 of binne 10 dae na toelating, na gelang van geval.

4. AANSOEKE OM KORTING OP SKOOLFOOIE

4.1 Indien geen aansoek om korting op die voorgeskrewe vorm voor 28 Februarie 2014 ontvang word nie, sal u *ipso facto* onder belet wees om aansoek te doen om korting op skoolgeld, en sal die skoolgelde soos bepaal deur die ouers van die skool op u van toepassing wees, ongeag of u andersins vir korting sou kwalifiseer.

4.2 Indien geen aansoek om korting op die voorgeskrewe vorm ontvang word vir leerders wat na 28 Februarie 2014 toegelaat word nie en ouers wie se omstandighede verander na 28 Februarie 2014 binne 60 dae na toelating of verandering van omstandighede, soos die geval mag wees, sal hier *ipso facto* onder belet wees om aansoek te doen vir korting op skoolgeld en sal die skoolgeld soos bepaal deur die ouers van die skool op u van toepassing wees, ongeag of u andersins sou kwalifiseer vir korting.

5. AFSTANDDOENING

5.1 U aandag word gevestig op die bepalings van die regulasies gepubliseer in die Staatskoerant gedateer 18 Oktober 2006, en meer spesifiek regulasie 3(1)(c), 'n kopie waarvan by die skool beskikbaar is wat handel met aansoeke om korting.

5.2 Ek/Ons doen hiermee afstand van enige reg wat Ek/Ons mag hê ingevolge bovermelde regulasie.

6. ALGEMEEN

6.1 Ouers/Voogde sal gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik wees vir die betaling van skoolgeld.

6.2 Die Beheerliggaam behou die reg voor om skoolgelde retrospektief na konsultasie met die ouers van die skool te verhoog.

6.3 Hierdie ooreenkoms moet deur beide ouers/voogde onderteken word.

6.4 Geen wysiging van hierdie ooreenkoms sal van enige krag wees tensy dit skriftelik gewysig is en deur beide partye onderteken is nie.

6.5 Ek/Ons nomineer die bovermelde adres as my/ons *domicilium citandi et executandi*.

6.6 Hierdie ooreenkoms is 'n kennisgewing ingevolge Artikel 41(5)(a) van die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996, 'n kopie waarvan by die skool beskikbaar is.

GEDATEER te PIETERMARITZBURG op hierdie _____ dag van

_____20_____.

_____ _____

VADER/STIEF/VOOG MOEDER/STIEF/VOOG

_____

SKOOLHOOF / SKOOLFONDS SEKRETARESSE